

Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort.

Ds PJ Kriel

19.01.2020

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus ons nuut maak en elke dag vernuwe omdat ons aan Hom behoort. Waar gemeentes oorgeneem word deur die werkers van die Here asof hulle die nuwe bestuurders en voogde van gemeente is, vat die Here sy Gees en loop weg. Nes boere hul nie deur arbeiders wat plase oorneem 'n arbeider laat maak nie. Hierdie preek wys wat die kern van die verval van die NG Kerk is en wat lidmate binne hierdie verval van gemeentes moet doen.

Skriflesing 2 Kor. 4: 16 -18; 5: 14 – 2; Gal. 3: 23, 24; 4: 2, 3. 5: 22 – 25.

Teks 2 Kor. 4: 16 “Daarom gee ons nie moed op nie, want selfs al vergaan ons uiterlike mens, word ons innerlike mens van dag tot dag vernuwe.”

Tema Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort.

1. Ons is nuut en word elke dag vernuwe nie deur ons bekerings nie, maar deur Christus.

Dit is die groot verskil tussen al die afgodsdienste van hierdie wêreld en ons geloof in en liefde vir die Here. Hulle bekeer hulle self om nuwe mense te word en hulle self innerlik te vernuwe. Christene bekeer hulle van sonde omdat hulle nuut is en vernuwe word!

Wat maak ons nuwe mense wat elke dag innerlik vernuwe word? Ons leef elke dag hier in Levubu binne in 'n voorbeeld wat vir ons dit baie mooi en duidelik uitwys – die verskil tussen ou plase en nuwe plase!

Wanneer jy so tussen die plase rondry dan sien jy hier is 'n mooi plaas wat blink van die nuutheid. Die bome is mooi diep groen, dra baie blomme, hang vol vrugte, die onkruid is dood, die kragdrade is reg, die pompe werk en jy sien hoe die water besproei word. Dit is nie al nie. Elke paar weke as jy daar verby ry sien jy iets nuuts het gebeur. Die bome is gesnoei, die droë dooie materiaal wat brande is weggery, die bome is geverf teen die son, nuwe bome is geplant en nuwe watervore is gemaak. Elke keer lyk die plaas al nuwer en nuwer!

En so tussen al die plase wat nuut is en nuwer word sien jy die ou plase. Die bome lyk vaal en verwaarloos, die elektriese drade hang op die grond, die waterpype is stukkend en weg, die bossies groei hoër as die bome, en dit is 'n broeiplek van goggas en ape.

2. Wat maak die verskil tussen grond wat 'n nuwe plaas is en al hoe nuwer word en grond wat 'n ou plaas is en al hoe ouer word hier in Levubu?

Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort.

Daar is regtig net een verskil! Die eienaars van die plase!

Die mooi nuwe plase behoort aan 'n boer wat die eienaar van die grond is en 'n titelakte het. Dit is 'n bewys dat hy dit gekoop het om net syne te wees, niemand anders sin nie. Die ou plase het nie 'n boer wat die eienaar van die plaas is nie. Die plaas behoort aan almal wat grond wil hê, maar nooit self boere is of wil wees nie. Daarom moet iemand op die grond werk aan wie die plaas nooit behoort nie.

Dit is werklik die enigste verskil tussen plase wat nuut is en al hoe meer vernuwe word en plase wat ou is en al hoe ouer word!

3. Kyk wat sê die Woord van die Here vir ons wie is nuwe mense en word elke dag al hoe nuwer en wie is ou mense en word elke dag al hoe ouer en meer verwaarloos!

“Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel. Die ou dinge het verbygegaan – kyk, alles het nuut geword.” (2 Kor. 5:17) Die 1983 vertaling vertaal die sin só: “Iemand wie aan Christus behoort, is 'n nuwe mens.” Om “in Christus te wees” beteken om deur God ingesluit te wees binne in alles wie Christus vir ons is en wat Christus vir ons gedoen het. Dit is hoe ons aan Christus behoort! God sluit ons in Hom in om alles met Hom te deel wie Hy as mens vir ons is en vir ons gedoen het.

Wie aan Christus behoort is 'n nuwe skepsel!

Wie maak van 'n ou stuk grond 'n nuwe mooi plaas? Die boer aan wie die plaas behoort! Die plaas en alles wat op die plaas gebeur, is iets wat die boer skep! 'n Plaas is 'n skepping, nie sommer net grond nie. Niks is sommer van self net daar nie! Alles word tot stand gebring.

Net so is dit met ons! Ons is nuwe mense omdat ons behoort aan die Here wie ons gemaak het. Hy maak ons nuut! Ons nuutheid is alles die werk wat Hy vir, en in ons doen!

Alles het nuut geword! Wanneer 'n boer grond koop en sy eie maak, is alles op die plaas nuut! Dit kan nooit weer sommer net 'n ou stuk grond wees wat net al hoe meer verwaarloos wees nie. Daarom stel Paulus – die ou dinge het verbygegaan – kyk, alles het nuut geword!

4. Hoe maak boere aan wie plase behoort alles nuut?

Deur dit wat hulle uithaal en dit wat hulle insit!

Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort.

Hulle haal al die onkruid uit, ontbos, hulle haal al die goggas uit die bome uit en haal al die onsuiverhede binne in die grond uit. Hulle sit pompe in, krag in, sit kunsmis en water in, sit bome in en sit arbeid in om alles te versorg.

Insit en uithaal is hoe hulle ou plase nuwe plase maak!

Hoe maak die Here ons nuwe mense? Deur alles wat die Here uithaal en alles wat Hy insit!

Paulus som dit in een sin só op: “Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons sonde gemaak, sodat ons in Hom geregverdig kon word.” Christus word die sondaar in ons plek om al ons sondes weg te vat, dit is, uit ons lewe uit te haal. Hy word as sondaar vir ons oortredings aangekla, vir ons slegtheid vervloek, vir ons skuld gestraf en vir ons smet verwerp sodat God al hierdie goed vir altyd uit ons uithaal en wegvat: oortredings, slegtheid, skuld en sondesmet!

Die Here maak ons nuut deur alles wat Hy in ons insit!

Paulus som dit in al sy briewe op met die woord: “geregverdig” – reg gemaak! Alles wie die Here vir ons as mens is in Homself, sit Hy binne in ons in soos ’n boer, water, kunsmis en gif in die grond insit. Die Here sit sy heiligheid as mens, sy onberispelikeheid as mens, sy smetloosheid as mens (Kol 1:) sy onskuldigheid as mens en sy goedheid as mens in ons in om ons eie te wees.

5. Hierdie vernuwing is dag tot dag!

Paulus stel dit só: “Daarom gee ons nie moed op nie, want selfs al vergaan ons uiterlike mens, word ons van dag tot dag vernuwe”

Dit sien ons op eie plaas waar die boer die eienaar van die grond is. Al word die bome uiterlike al hoe ouer en ouer, bly hulle nog steeds bome wat vrugte dra, want die boer is elke dag besig om alles wat peste is uit te haal en alles wat nodig is in te sit. Aanmekaar, dag vir dag! Daarom word ou bome elke keer innerlik weer jaar vir jaar bome wat weer nuwe oeste dra!

Ons wie aan die Here Jesus behoort leef met hierdie waarborg – die Here is elke dag besig om ons innerlik nuut te maak vir alles waarmee ons self oud maak. Sonde maak oud! Christus maak nuut, dag vir dag!

Wanneer ons onself elke dag oud en verslete maak met ons eie onheiligheid, ons eie skandes en smet, ons eie oortredings en skuld, dan kom die Here en maak ons elke dag weer heilig, sonder smet, onberispelik, onskuldig en regverdig.

Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort.

Daarom maak Paulus hierdie belangrike aankondiging: “Want ons ligte en tydelike verdrukking bewerk vir ons ’n gewigtige en allesoortreffende ewige heerlikheid.” Wat doen droogte, peste, tekorte en plaë aan die bome op plase? Dit laat hulle swaarkry, maar omdat die boer deur al die swaarkry hulle dag tot dag met alles wat hy insit vernuwe, dra hulle nog steeds vrugte!

Dit is die allesoortreffende ewige heerlikheid wat die Here se dag tot dag vernuwing vir ons bewerk, deur al die swaarkry, tekorte en laste wat ons dra, sorg die Here dat ons nog steeds vir Hom die vrugte van die Gees dra deur alles wat Hy in ons insit: “Die vrug van die Gees is: liefde, blydschap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.” (Gal. 5: 22)

6. Oppassers, bestuurders en voogde kan nie plase nuut maak nie!

Volgens almal wat besig is met en op hierdie plase wat so oud word, is hulle met vernuwing besig. Dit is baie deurmekaar! Soos hulle al meer met vernuwing besig is, word die plase al hoe meer verwaarloos en gaan die boerdery al hoe meer agteruit!

Wat se vernuwing is hulle mee besig wat die bome en boerdery so agteruit laat gaan?

Dit is die vernuwing van werkers! Die werkers is nie meer werkers nie. Hulle is nou die oppassers, bestuurders en voogde van die plaas. Dit is die groot omwenteling wat plaasvind en vernuwing genoem word. Die boere moet die werkers wees en die werkers is nou die bestuurder en voogde wat kyk na die plaas. Hulle pas de plaas op!

Wat is weg op hierdie plase? Die boere wat die eienaars is! Hulle loop net weg en los hierdie werkers wat nou bestuurders en voogde is op hulle eie. Daar is nie so ding dat ’n boer vir ’n werker gaan boer nie!

7. Paulus wys hierdie snaaksigheid in die kerk uit met hierdie sin: “Maar nou dat die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van oppassers nie.” (Gal. 3: 25) In Gal 4. 4 noem hy hierdie oppassers “bestuurders” en “voogde”.

’n Kerk vol oppassers, bestuurders en voogde! Werkers wat nie meer werkers is nie. Paulus noem hom en elke predikant, ouderling en diaken – dienaars van die Here. Dit beteken die Here se werkers. Die Here se werkers is hulle wat die evangelie moet preek en die evangelie moet bevestig met die doop en nagmaal. Die werkers van die Here is hulle wat moet sorg dat die lidmate met die evangelie bedien en versorg word.

Dit is werklik die grootste vernuwing wat besig is in die kerk! Werkers word oppassers, bestuurders en voogde. Want hulle is nie meer besig om die evangelie te

Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort.

bedien nie. Hulle het iets nuuts in die kerk ingebring – spiritualiteit. Hulle bedryf geestelikheid en daarom is hulle geestelike bestuurders, geestelike voogde en geestelike oppassers!

Predikante noem hulle self openlik nou “bemagtigde leiers” en hou vyfstervakansies waarin hulle vir mekaar vertel hoe hulle nou gemeenskapsleiers is. Predikante laat hulle self nou die kerk se direkteure noem en hulle tree ook so op! Hoekom dink u kan die Algemene Sinode nou besluite neem wat feitlik al die lidmate weet maar dit is teen ons geloof? Want hulle sien hul self as die kerk se geestelike direkteure en hul vergaderings as direksie vergaderings waarin hulle bestuurbesluite vir die geestelikheid van die lidmate neem en hulle moet uitvoer. Ouderlinge, en sommer enige een, is nou skielik geestelike voogde wat vir jou sal vertel of jy bekeerd, wedergebore, geesvervuld en ’n ware egte Christen is!

Die geloof wat gekom het, is die geloof dat ons nie onder die beheer en toesig van bestuurder is nie, maar kinders is wat aan God die Vader behoort!

Dit is werklik die vernuwing wat elke dag in die kerk beskyf word: werkers word nou die oppassers, die bestuurder en voogde van die kerk van die Here!

8. Wat en wie is weg?

Daar is nie meer werkers nie! Net soos op hierdie ou plase. Niemand op hierdie plase is meer werkers nie – hulle is almal medeaandeelhouders, mededirekteure en medevoogde.

Nou wie moet die werk doen? Hulle almal glo boere moet nou vir hulle kom boer! Maar dit is absurd. Boere is eienaars nie werkers nie!

Van wie wil hierdie geestelike oppassers, direkteure en voogde hul werker maak? Vir Jesus Christus! Hy moet nou die god van hulle spiritualiteit kom word terwyl hulle die eienaars, bestuurders en voogde van die kerk is! Wat doen boere as werkers hul base wil word? Hulle loop!

Wat dink u doen die Here met hierdie kerklike instelling waar niemand meer sy dienaar is wat die evangelie bedien nie, maar eienaars is van die geestelikheid wat hulle glo en voel Hy vir hulle moet laat werk?

Hy loop! Kyk hoe kondig die apostel Johannes dit aan “Anders, as jy nie tot bekering kom nie, sal Ek na jou toe kom en die kandelaar van sy staanplek af verwyder.” (Open. 2:5) Dit beteken die Here vat sy Gees uit die gemeente uit weg en die gemeente is nie meer die gemeente van die Here nie. Die Here het van hierdie klomp mense weggeloop omdat hulle van Hom, die eenaar van die gemeente hul arbeider word maak.

Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort.

Die Here is die eienaar van sy kinders. Hulle behoort aan Hom en Hy laat nooit toe dat hy as Here en God geestelikes se werkers word wat toesig hou oor hoe Hy God en Here vir sy kinders is nie.

En waar die Here loop, word alles oud en gaan die kerk agteruit en raak dit vervalle en verwaarloos!

9. Vernuwing met nuwe goeters!

Dit is hoe werkers wat skielik bestuurders, direkteure en voorgde van plase geword het se koppe werk!

Ons het elke dag vir 'n baie lang ruk eintlik iets verskrikliks snaaks hier om ons gesien! Op watter plase het al die splinternuwe trekkers rondgery? Op die plase aan almal behoort en oppassers na kyk, nie aan boere nie! Wie het met splinternuwe motorfietse en groot nuwe bakkies rondgery? Die oppassers, nie boere nie. Wie het ingespring met nuwe aanplantings, pypleidinge en die nuutste bemesting? Hulle wie nie boere was en aan wie die grond nie behoort het nie! Die oppassers!

En wat het van al hierdie plase geword met al hierdie oppassers, bestuurders en nuwe goeters?

Dit het net al meer en meer agteruit gegaan en al hoe ouer en ouer geword! Nuwe goeters vir oppassers en bestuurders maak nie plase nuut en vernuwe nie boerderye nie. Boere wat eienaars is met werkers maak grond nuut en vernuwe boerderye.

10. Paulus stel dat die evangelie as boodskap van versoening aan hom en al die werkers van die Here toevertrou is. Hulle is nie God se bestuurders en voogde nie, maar hulle wat by mense pleit om die versoening van God te aanvaar!

Paulus se meewerker Lukas beskryf hoe die Here met sy werkers die kerk begin bou en versorg het in die boek Handeling. Die hele boek vertel van hoe die Here sy werkers die evangelie oor sy dood en opstanding laat preek, die doop en nagmaal laat bedien en die gelowiges tugtig in hul nuwe status om aan die Here te behoort.

Hierdie evangeliebediening het nou uit die kerk verdwyn vir al die nuwe geestelike goeters wat die werkers wat nou bestuurder is mee besig is. Hulle kry elke jaar nuwe goeters waarmee hulle in die kerk besig is.

Hulle kry God se kry en stort God se krag uit! Hulle kry nuwe geestelike visies en missies wat hulle glo is god se eie drome waarmee hul almal wil vernuwe! Hulle kry

Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort.

nuwe geestelike aandoeninge en ervarings wat hulle glo hul voogde maak om ander ook sulke goed te laat beleef. Hulle glo hulle word God se hande en voete en waar hulle besig is, moet God self alles kom doen wat hulle wil sien gebeur!

Elk jaar kry die kerk 'n nuwe slagspreuk met posters wat teen die kerk se mure opgehang moet word!

En met al hierdie geestelike nuwe goeters gaan die kerk net agteruit en raak al meer en meer verval.

Want God laat Hom nie sy werkers se werker maak nie! Die Here Jesus Christus laat nie Hom as eienaar ontvoog of in diens gestel vir die geestelikheid van geestelike leiers nie. Waar die Here se werkers sy eiendomsreg op sy kinders en kerk wegvat en hul eie maak en God hul geestelikheid se werker maak – onttrek God! God loop weg uit hierdie geestelike chaos.

Dit is hoekom ons kerk se verval en verwaarloos raak! Die Here laat Hom nie deur sy werkers 'n bewerker van hul magsdrome maak nie. Net soos geen boer ooit vir werkers sal werk net omdat hulle hul self bemagtig het om leiers, bestuurders en voogde te wees nie.

11. Wanneer is hierdie werkers wat nou bestuurders is op hulle gelukkigste?

Wanneer alles vanself werk!

Dit is hoe hulle boer! Piesangs moet sommer self net piesangs dra! Hulle moet self so sonder besproeiing groei, sonder bemesting vrugte vorm, en hulle kom net pluk wat sommer alles vanself werk! Soos hulle gewoon is alles in die veld sommer net van self daar is om te pluk en te plunder. Neute moet sommer net self groei en gereed wees om geoes te word. Die bome moet hulle self elke dag vernuwe!

Sonder 'n eienaar en sonder werkers! Dit is hoe die kerk bekerings verkondig! Mense moet hul self deur bekerings vernuwe! Hulle moet sonder die verkondiging van die evangelie en die bediening van die doop en nagmaal as tekens van die evangelie, nou sommer net self vrug dra om nuut te word. Hulle bekerings moet hulle nuut maak, net soos bome se vrugte hulle nou sommer skielik nuwe bome moet maak.

Sonder 'n eienaar wat hul dag vir dag vernuwe!

Hoekom is hierdie werkers wat nou bestuurders en voogde is dan op hulle gelukkigste? Want dan kan hulle weer volgens die begeertes van hulle harte leef en nie werk volgens die eise van hul werkgewer nie!

Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort.

Ons sien elke dag hier in Levubu hoe leef hierdie werkers wat nou bestuurders is volgens die begeertes van hulle harte. Hulle het piesangplase, neutplase en avoplase nou weiding vir hulle beeste gemaak wat sommer net os rondloop en alles werk weer van self! Hulle maak hierdie plase jagplase! Tussen die vervalde vrugteboom wat met gras en struik oorgroei is, stel hulle strikke vir die wild op hulle ei plase en loop weer volgens die begeertes van ouds op hierdie plase rond en jag met hulle honde, tussen die vervalde boom wat hulle moes bewerk het. Besproeiingsdamme maak hulle nou weer visvangdamme want hulle wil nie plase versorg nie, hulle wil sommer net weer visvang wat sommer net weer alles van self daar moet wees – maar nou in die besproeiingsdamme wat nie meer werk nie. Hulle stap rond as bestuurders en voogde op hul plase en saag die vrugteboom af volgens hulle begeertes om sommer net brandhout bymekaar te maak wat sommer net van self weer daar moet wees.

12. So lyk die kerke en gemeentes waar die werkers van die Here nou die geestelike bestuurders, voogde en oppassers van gemeente geword het. Hulle het die Here as eienaar in hul diens verklaar, maar die Here werk nie in hierdie kerke en gemeentes nie. Die Here het sy Gees as kandelaar gevat en geloop!

Dit kan jy mos nou duidelik in hierdie kerke en gemeente sien! Die lidmate wat die vrug van die Gees moet dra is verwaarloos en hulle word oorgroei met die sondes wat die nuwe eienaars nie meer uit haal nie, maar as goeie goed verklaar. Lidmate word verwaarloos en hul gemeentes word gebruik vir die begeertes van hierdie geestelikes wat verwag lidmate moet hulself met bekerings, gebede en nuwe missionale visies vernuwe. Op die ou einde word lidmate wat sou vrug dra net die brandhout vir hierdie werkers wat nou geestelike leier is, se magsdrome en sosiale transformasies.

13. Wat moet ons doen in 'n kerk wat deur werkers as die nuwe geestelike eienaars en geestelike bestuurders oorgeneem word, wat eintlik die Here se Woord en sakramente as werkers moes bedien het?

Die werklikheid van die landbou in Levubu wys ons na my mening ook die kerklike weg wat ons moet gaan!

Die regering en landboudepartement maak alles oud en vervalde met hul drif dat werkers is bestuurder en boere is werkers!

En wat gebeur? Boere gaan net aan om te boer tussen al die plase wat vervalde raak in hierdie sondige drif! En wat gebeur dan? Die plase waar boere boere is en werkers werkers is, gaan nou nog kragtiger vernuwend voort. En dan word hierdie vervalde plase weer boere se plase en hulle wat bestuurders en voogde was – verdwyn!

Ons is nuut en word innerlike vernuwe omdat ons aan Christus behoort.

In hierdie voorbeeld lê die vernuwende toekoms van ons gemeente waarin lidmate die vrugte van die Gees van die Here sal dra. Ons en hierdie gemeente behoort aan die Here! Ons moet toesien dat die werkers van die Here werkers bly. Hier word nie een dienaar van God 'n geestelike bestuurder, voog of oppasser nie. U mag nie enige dienaar van die Here met hierdie nuwe status aanvaar of vereer nie.

Doen u dit, onteien u uself as die eiendom van die Here Jesus Christus!

En die werkers met hulle werk doen wat aan hulle opgedra is! Hulle moet die evangelie verkondig en verseël met die sakramente. Só sal die Here mense nuut laat wees en elke dag vernuwe! U mag nie die nuwe goeters waarmee geestelike bestuurders ons wil bewerk, ooit aanvaar nie. Ons is nie hulle eiendom vir hulle sondige driftige herlewings, vernuwings, visioene, missies en missionaliteit nie. Ons laat ons nie hulle jagplek, hul visvangplek en die weiding van hul geestelike belange maak nie.

Ons behoort aan die Here en weet Hy maak ons nuut en vernuwe ons sodat ons die vrug van die Gees in bekerings en gebed sal dra!

Ons is nie die werkers se eiendom wat onself moet vernuwe sodat hulle net bestuurders en voogde van hul eie geestelikheid kan wees nie.

Kom ons wees gemeente en kinders wat aan die Here behoort tussen al hierdie vernuwende kerke en gemeentes wat gaan verval raak in die drif van die geestelike werkers wat God hul werker wil maak!

En wanneer die Here sy kandelaar vat en uit hierdie gemeentes en kerke weglomp na sy eie toe, dan loop ons saam met die Here! Kom ons bly leef in die vernuwing van ons Eienaar, Jesus Christus die Here!